Rustenburg Gemeenskapskerk
Posbus/PO Box 20146
Proteapark
0305
Cell:066 270 3086
E-mail: esta1@vodamail.co.za

Weeklikse Brood vir **27 September – 3 Oktober 2020**
**Sewentiende** week in **Koninkrykstyd**

Skriflesing vir die week: **Eksodus 17: 1-7**
*Skriflesing vir volgende week: Eksodus 20: 1-4, 7-9, 12-20*

**Sondag – *Ingenooi in God se rus en tyd***

✓ Gaan sit op 'n rustige plek en ontspan vir 'n paar minute.

Lees ***Eksodus 17: 1-7***.

✓ Eksodus is die boek van die uittog waartydens Israel leer wie die Here is wat hulle uit Egipte gered het en hoe hulle op Hom moet vertrou. Tydens die reis beleef hulle baie krisisse wat hulle laat twyfel of die Here teenwoordig is en werklik omgee. Baie van hierdie momente van onsekerheid het te make met kos en drank, soos in Eksodus 17, toe hulle afhanklikheid van water hulle laat twyfel of God omgee. In die proses daag hulle Moses in 'n regsgeding uit, Moses soek uit vrees vir sy lewe hulp by God.

Lees ***Psalm 78: 1-4, 12-16***. Konsentreer veral op vers 3 en 4.

✓ Watter wonderlike ervaring om te kan weet dat God vir jou voorvaders gesorg het. Dat Hy almagtig is en wonderdade doen.

✓ Dink 'n paar minute oor jou eie lewe. Wat het jy van jou ouers en voorouers geleer van God?
- Wat leer jou kinders van jou oor God?
- Ervaar hulle dat jy God in alles vertrou?

✓ Dank God vir sy gesag, almag en sorg in jou lewe.

***Maandag – Luister na God se Woord***

✓ Die Israeliete kom pas uit die Sinwoestyn, waar hulle honger geword en gekla het, maar waar God vir hulle manna voorsien het. Hier ontmoet ons nou die dors Israeliete, wat weer aan die kla is.

Lees ***Eksodus 17: 1-7***.

✓ Hierdie keer oor water; hulle kla terwyl hulle weet en goed kan onthou dat God so pas vir hulle voorsien het.

✓ Moses kla dan ook by God. Ons neem sonder meer aan dat God uitkoms aan Israel gee. Die gevaar is dat ons die tekste bolangs lees en die werklikheid van hitte, dors, moegheid en onsekerheid in 'n omgewing sonder hulpbronne miskyk. Ons moet ons dit kan indink om die teks te kan beleef. Die Israeliete beleef 'n nuwe werklikheid van ontbering in die woestyn. Hulle is onseker of hulle God kan vertrou.
- Waaroor kla mense deesdae?

✓ God se reaksie op hierdie klagtes is bloot om, genadig en getrou aan Homself, nie te reageer op die mense se kleingelowigheid nie, maar op hulle basiese behoefte.

***Dinsdag – Luister na mekaar***

✓ In Koninkrykstyd bedink ons Dissipel wees in die alledaagse. Gelowiges kan, te midde van politieke en ekonomiese omwentelinge, moontlik wonder of die Here by ons is of nie. Geloof is beide kennis en vertroue. Ons leer uit die ervaring van die verlede van God se getrouheid in ander tye. So vind ons rus in die wete dat Hy altyd teenwoordig is.

Lees ***Eksodus 17: 1-7*** en ***Matteus 21: 23-32.***

✓ Jesus leer die mense. Johannes die Doper het mense die regte pad kom wys. Die mense aanvaar hom as God se profeet. Die eerste seun in die gelykenis sê hy wil nie vir sy pa in die wingerd gaan werk nie. Hy kry dan spyt en gaan werk wel. Hy erken hy was verkeerd, het berou en doen dan die regte ding.

✓ Die prostitute en tollenaars glo Johannes se boodskap. Ander kan aan hulle lewe sien dat hulle Jesus aangeneem het. Hulle sal God se koninkryk binnegaan.

✓ Dink oor hoe jou lewe jou geloof en vertroue in God weerspieël.

✓ Die kerk se taak is om hoop so te verkondig en uit te leef dat die wêreld sal besef God is inderdaad by ons.

### *Woensdag – Luister na ander en die tye*

*Lees* **Eksodus 17: 1-7**.

- ✓ Die volk Israel kom in opstand teen Moses en beproef God se geduld omdat daar nie water is nie. Hulle vra selfs vir Moses "Is die Here by ons of nie?"
- ✓ Was jy al in situasies waar jy gevoel het die Here gee nie antwoord/'n uitweg nie?
  - Dink na oor jou optrede in sulke situasies. Het jy soos die Israeliete opgetree?
- ✓ In ons geloofslewe beleef ons soms figuurlike woestyntye waarin leegheid ons wil oorweldig. Die woestyn herinner aan die paradoks van God se teenwoordigheid en verborgenheid. Woestyntye is tog nie tye van God se afwesigheid nie. In die aangrypende boek Gilead skryf Marilynne Robinson oor die hoofkarakter se insig: "*Even that wilderness, the very habitation, is the Lord's, I need to bear this in mind*."
- ✓ Dink nou aan Jesus se kruisdood. Al moes dit vir Hom baie swaar gewees het, het Hy nie vir God bevraagteken nie, Hy het wel in die tuin van Getsémané by God gepleit, maar op Hom vertrou om in beheer te wees.

### *Donderdag – Luister weer na God se Woord*

- ✓ Daagliks hoor ons van mense wat sterf. Die wat die Nuus haal gaan nie oor natuurlike oorsake nie, maar vanweë moord of Covid-19.
- ✓ Hoe kan jy 'n draer van hoop en troos word vir die mense om jou? Mense wat hooploos is, selfs die dood in die gesig staar.

Lees ***Psalm 78: 1-7*** en **Eksodus 17: 1-7**

- ✓ Watter beloftes hoor jy in die Psalm? Watter hoop/troos bring hierdie teks vir mense wat geliefdes aan die dood moes afstaan?
- ✓ 'n Mens kan vra of God nie in elk geval teenwoordig was al het daar nie water uit die rots gekom nie. Die woestynnarratief daag almal uit wat geneig is om God se teenwoordigheid aan tekens te koppel. Vertrou ons dat God hoor al sien ons geen tekens nie? Vertrou jy dat God teenwoordig is al voel jy jou gebede word nie gehoor nie?

### *Vrydag – Fokus op wat God nou doen*

- ✓ "In die begin het God…" (Gen 1 : 1) en "Kom na My toe . . Ek sal julle rus gee" (Matt 11: 28). Dis wonderlik, om die troos in Christus te ondervind en as verloste mens te leef!

***Lees Filippense 2: 1-13.*** Die tema is die troos in Christus en om as verlostes te leef. Die fokusteks is deel van Paulus se vermaning aan die gemeente om standvastig, eensgesind en nederig te leef – na die voorbeeld van Christus.

- ✓ Die lewe as verloste mense – vanuit die perspektief van wat Jesus vir ons gedoen het besin oor "die troos in Christus", wat lei tot 'n onselfsugtige, nederige en mededeelsame lewenshouding.
- ✓ Die tema bied geleentheid om onsself in die voorbeeld van Jesus Christus te spieël. Hoe kan ons meewerk dat almal die knie voor Christus as Koning buig en Hom eer as Here?

### *Saterdag – Antwoord met jou lewe*

*Lees* ***Psalm 78*** en ***Matteus 21: 23-32.***

- ✓ Die Psalm gebruik die Hebreeuse woord *kun* in vers 20: "Kyk, Hy het 'n rots geslaan en water het uitgestroom, spruite het gevloei. Sou Hy ook brood kon gee of vleis voorberei vir sy volk?" (Direkte Vertaling). Kun beteken "to arrange, om te voorsien".
- ✓ Dink na oor wat God al vir jou voorberei het.
- ✓ As ons Jesus aanvaar, verkry ons die ewige lewe. Dink oor die implikasies hiervan in jou lewe.
- ✓ Wanneer jy in 'n soortgelyke situasie as die twee seuns kom, wat sal jou besluit wees? Dink oor die tye wat jy getwyfel het en verkeerde besluite geneem het. Het jy dan na God gegaan en berou getoon? Kon ander daarna sien dat jy God se almag en gesag in jou lewe erken en ervaar?

# Familie Tuisblad

**27 September – 3 Oktober 2020**

in samewerking met ***nous.org.za***

**FOKUS VERS**

**Eksodus 17: 7**
"Is die Here by ons of nie?"

**TEMA van die week**

Ons is oorvloedig met mekaar!

**BYBEL tyd**

**So:** Eksodus 17: 1-7
**Ma – Di:** Matteus 21: 23-32
**Wo – Do:** Psalm 78: 1-4, 12-16
**Vr – Sa:** Filippense 2: 1-13..

**BID tyd**

**Dankgebed (Gebed voor ete)**
Dankie, vir ons kos en elke druppel water. Amen.

**Oorgee-gebed**
Help ons om mense wat dors is langs ons raak te sien. Amen.

**Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)**
Mag jy vandag water by iemand kry as jy dors is.

**GESELS tyd**

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees die **Teks** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

**Raakvat vra:**

- God is op pad met sy mense (die Israeliete) deur die woestyn.
- Die reis deur die woestyn maak die Israeliete onseker oor hulle toekoms.
- Hulle begin twyfel in God se intensie met hulle. God het reeds gewys hoe Hy by hulle is. Lees gerus *Eksodus 7: 20* en *14: 16* hoe God vir hulle mooi gesorg en gehelp het op kritiese oomblikke.
- Die dors waarvan ons hier lees kan op twee maniere verstaan word.
  • Fisiese dors
  • Geestelike dors.

**SPEEL tyd**

Ons spandeer kwaliteit-tyd saam

Hierdie aanhaling van Albert Einstein praat oor 'n benadering tot die lewe: "*There are only two ways to live your life. One is as though nothing is a miracle. The other is as though everything is a miracle*."
As jy dink oor jou lewe – watter wonderwerke het God die jaar in jou lewe gedoen?

**DOEN tyd**

Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier

'n Mens sou teen hierdie tyd van 2020 kon vra: "*Is die Here by ons of nie?*" Hoe mens daarop antwoord gaan afhang van hoe mens kyk na die jaar en watter redes jy gaan uitkies om jou antwoord mee te ondersteun. Geloof vra dat ons daagliks vra: Waar sien ons vir God aan die werk? Sodat ons daaroor kan dankbaar wees en dat ons daar by Hom kan gaan aansluit.

**LEEF tyd**

Ons leef ons geloof heelweek uit

*Wat is jou grootste klagte oor 2020*? (Daar is maklik redes te vind waarom mens nie tevrede is met 'n situasie nie.)
*Waaroor is jy dankbaar*? (Veral as jy dink oor die jaar tot nou.)
Waarop 'n mens fokus kan 'n groot invloed hê op hoe jy voel en hoe jy die lewe benader. Ons geloof kan ons help om te sien hoe God vir ons sorg en om dankbaar te wees daaroor.

**27 September – 3 Oktober 2020**
**Bybelstudie: Eksodus 17: 1-7**
**Volgende week:** *Eksodus 20: 1-4, 7-9, 12-*

Nadat die hele volk Israel uit die Sinwoestyn vertrek het, het hulle op bevel van die Here van plek tot
plek gegaan totdat hulle by Refidim kamp opgeslaan het. Maar daar was geen water vir die volk om te
drink nie. [2]Toe het die volk met Moses rusie gemaak en gesê: “Gee jý vir ons water om te drink!”

En Moses antwoord hulle: “Waarom maak julle rusie met my? Waarom stel julle die geduld van die
Here op die proef?”

[3]Maar die volk was dors en hulle het vir Moses verwyt: “Waarom het jy ons uit Egipte laat optrek om
ons en ons kinders en ons vee van dors te laat omkom?”

[4]Daarna het Moses tot die Here geroep: “Wat moet ek met hierdie volk aanvang? Netnou gooi hulle
my met klippe dood.”

[5]Toe sê die Here vir Moses: “Loop voor die volk verby en neem van die leiers van Israel saam. Vat
ook die kierie waarmee jy op die Nyl se water geslaan het, en stap vooruit. [6]Ek sal daar reg voor jou op
die rots by Horeb staan. Dan moet jy teen die rots slaan, en daar sal water uitloop vir die volk om te
drink.”

Moses het dit toe gedoen voor die oë van die leiers van Israel. [7]Hy het die plek Massa en Meriba
genoem omdat die Israeliete daar met Moses rusie gemaak het en ook omdat hulle die geduld van die
Here op die proef gestel het toe hulle gesê het: “Is die Here by ons of nie?”

In hierdie teksgedeelte lees ons van ’n ernstige en verwytende gesprek tussen die volk en Moses oor die feit dat daar nie water was by Refidim, waar hulle kamp opgeslaan het nie. Dit lei daartoe dat Moses hom tot die Here wend.

*Oor die individuele verse kan die volgende opmerkings gemaak word.*
Eksodus 17: 1: Die reis van die volk het ’n spesifieke doel. Dit kan afgelei word uit die woorde dat die volk uit die Sinwoestyn getrek het en ‘op bevel van die Here van plek tot plek gegaan totdat hulle by Refidim kamp opgeslaan het’. Oor waar Refidim geleë is, is daar geen eenstemmigheid nie. Die kombinasie van die name Meriba en Kades, kom dikwels in die Ou Testament voor (Numeri 27: 14; Deuteronomium32: 51; Esegiël 47: 19; 48: 28). Dit het daartoe gelei dat sommige geleerdes Sinai-Horeb in die omgewing van Kades plaas.

Eksodus 17: 2: Waarskynlik is die versoek van die volk, dat Moses vir hulle water moes gee, deur ’n segsman oorgedra. Dit was die gebruik dat die gesinshoof so iets sou doen. Dat daar ’n mate van identifisering tussen Moses en God se gesag is, is reeds uit Eksodus 14: 31 duidelik: ‘Toe Israel sien hoe kragtig die Here teen Egipte opgetree het, is hulle met ontsag vir Hom vervul. Hulle het in die Here geglo en ook in Moses, sy dienaar.’ Ook hier is dit duidelik dat die verset teen Moses ten diepste ’n verset teen God is. Moses se waarskuwing dat hulle die Here se geduld op die proef stel is een van die uitstaande kenmerke van die volk se gedrag tydens die woestyntog. Dikwels gaan dit oor kos en water.

Sommige eksegete is van mening dat daar ’n paar verskillende verklarings vir die betekenis van kos in die woestyn in die Eksodusboek na vore kom. In die eerste plek is dit ’n toets vir die volk. In Eksodus 16: 4 sê die Here: ‘Let nou mooi op. Ek sal elke keer vir julle kos uit die hemel laat reën. Dan moet die volk elke dag gaan en dié dag se voorraad optel. So sal Ek toets of hulle my opdrag wil nakom of nie.’ Wanneer die Here dan in die behoeftes van die volk voorsien het, word die volk ook opgeroep, om getrou te wees aan God: ‘Moses het die Here aangeroep, en die Here het hom ’n stuk hout gewys. Hy het dit toe in die water gegooi, en die water het soet geword. Daar het die Here die volk op die proef gestel en daar het Hy vir hulle ’n vaste reël neergelê. Hy het gesê: ‘Julle moet goed luister na wat Ek, die Here julle God, sê! Julle moet doen wat reg is in my oë, gehoor gee aan my gebooie en alles doen wat Ek vir julle voorskryf. Dan sal Ek geeneen van die siektes waarmee Ek Egipte getref het, oor julle bring nie, want dit is Ek, die Here, wat julle gesond hou’ (15: 25,26).

Tweedens gaan dit in die sogenaamde kosverhale oor die openbaring van God se krag en heerlikheid. Toe sê Moses en Aäron vir al die Israeliete: 'Vanaand sal julle besef dat dit die Here is wat julle uit Egipte bevry het, en môreoggend sal julle sien hoe magtig die Here is. Hy het gehoor dat julle julle teen Hóm verset. Dat julle julle teen óns verset, is niks nie' (16: 6,7).

Laastens is die kosverhale 'n uitdrukking van God se voorsienende sorg vir mense in 'n omgewing wat niks kan bied in terme van lewensonderhoud nie (16: 32).

Eksodus 17: 3: Die verwyt van die volk was nie ongewoon onder die nomadiese volkere nie. Volgens Fensham kon die mense dit van die leier verwag om te weet waar die waterputte en oases is van die gebied waardeur hulle trek. Die woorde van hierdie vers is 'n eggo van Eksodus 16: 3: 'As ons maar liewer in Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê om te eet! Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om die hele volk van honger te laat omkom.'

Eksodus 17: 4: Moses se woorde in hierdie vers dui twee dinge aan: enersyds sy irritasie met die volk ('Wat moet ek met hierdie volk aanvang'). Let daarop dat Moses nie praat van sy volk of selfs die Here se volk nie, maar van 'hierdie' volk. Andersyds word sy vrees ten toon gestel ('Netnou gooi hulle my met klippe dood'). Steniging was dikwels die uiting van wraak deur 'n menigte wat nie meer beheer kon word nie. Soos in 1 Sam 30: 6, waar Dawid in sy nood na die Here geroep het omdat die manne daaraan gedink om hom met klippe dood te gooi omdat hulle 'verbitterd' was, roep Moses hier om hulp.

Eksodus 17: 5: Die opdrag van die Here om 'voor die volk' verby te loop, is 'n aanduiding dat Moses se vrees ongegrond is. Dit beklemtoon ook die Here se geduld met sy mense. Die leiers van Israel moet as getuies saamgaan, want die volk moet besef dat hulle nie vir Moses teengaan nie, maar die Here self.

Die opdrag aan Moses om die kierie/staf waarmee hy op die Nyl geslaan het in die hand te neem, moes onmiddellik vrees by die volk tot gevolg gehad het. Die rede is eenvoudig: Moses se staf het die water van die Nyl in bloed verander. Die verwysing na die staf saam met die Nyl het die oordeel opgeroep. Uit die verhaal word dit egter duidelik dat die Here, ten spyte van hulle doelbewuste verset teen sy Moses se gesag, die staf as simbool van sy genade gebruik.

Eksodus 17: 6 Die woorde 'Ek sal daar reg voor jou op die rots by Horeb staan', is van groot betekenis. Die uitdrukking dui op 'n teofanie of Godsverskyning tydens die verhaal van die volk se klag oor die water. Hierdie woorde van die skrywer is 'n doelbewuste teenstelling met die woorde wat die verset van die volk in vers 7 opsom: 'Is die Here by ons of nie?' In die Numeri weergawe van die verhaal is dit nie net die leiers van die volk wat getuies is die versorging deur die Here nie, maar die hele volk. Hoewel daar in hierdie verhaal nie uitgebrei word op die teofanie nie, moet aanvaar word dat dit deel van hierdie verhaal is.

Eksodus 17: 7: Die volk se dade van wantroue in en opstand teen Moses kan gesien word as die betwyfeling van God se teenwoordigheid. In die name van die plekke word die sonde van Israel aangegee: Moses noem die plekke Massah (beproewing) en Meriba (twis).

Die vraag: 'Is die Here by ons of nie?' bied 'n opsomming van die volk se gesindheid. Hierdie gesindheid kan natuurlik vanuit 'n pastorale hoek bekyk word. Die opstand teen Moses en teen die Here was inderdaad sonde, maar hierdie mense was baie dors. Volgens Eksodus 15 het hulle drie dae in die woestyn rondgedwaal sonder om water te kry. Toe hulle dit wel kry, was dit bitter. Ja, die Here het 'n wonderwerk gedoen en die water soet gemaak, maar die ervaring om dors te wees word nie gou vergeet nie.

**Bronnelys**


- Gispen, W H **Exodus II**, KV;
- Cole, Alan; **Exodus**, TOTC;
- Childs, B S **Exodus**, OTL;
- Brown, C **Dictionary of the New Testament Theology (2 vol – "glory")**;
- **Christelijke Encyclopedie** (6 vol – "Verbond");
- Odendaal, A **Bergpad deur die Bybel**.
- **Bybellennium**
- **Die Bybel Verklaar**

**27 September – 3 Oktober 2020**
**Kleingroep**
**Eksodus 17: 1-7**

Jesus Leef en ons met Hom

**1. Kontak met mekaar**
Aankoms, verwelkoming *en verversings*.

**Ysbreker**

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?
Waarvoor is jy dankbaar?
Wat was vir jou moeilik?

- Waaroor kla mense die meeste?

**2. Kontak met God**
Neem paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Psalm 78: 1-4** as 'n gebed
Dink na oor dit wat die Here wil hê jy nou moet leer

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Dit gaan oor die vraag: Hoe / waar het jy die afgelope week vir God beleef? Dank God daarvoor.

**3. Kontak met die Woord**
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees nou die week se fokusteks.
Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

**Gesels oor die volgende:**

- Die volk kla vreeslik. Ken julle mense wat ook so kla oor alles? Hoe laat dit jou voel? Wat is die gevolge daarvan? Wat doen dit aan mense?
- Die volk kla nie net nie, hulle blameer en verwyt ook. Ons sien dit vandag steeds. Kan julle dink aan voorbeelde? Hoekom doen ons dit?
- Wat leer ons by Moses oor die hantering van kritiek, kla en blamering?
- Lees *Filippense 2: 1-4, 12-14* en gesels oor hoe dit *Eksodus 17: 1-7* toelig.
- Watter soort gemeenskap het God in gedagte vir die Eksodus volk?
    - Wat leer ons in *Filippense 2: 1-4* oor so 'n gemeenskap?
- Wat is volgens Paulus (*Filippense 2: 12-14*) die alternatief vir kla en blameer?
    - Hoekom is dit beter?
- Dink aan die verhoudings in jou lewe, gemeente en gemeenskap.
    - Hoe help die teks daarmee?
    - Wat moet jy anders doen?

**4. Bedien mekaar:** Dank God vir die opstanding en die hoop wat dit gee. Vra dat Hy julle sal help om opstandingslewens te lei.

Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het.
Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

Dank God vir Sy seën in jou lewe.

**Pitkos:**
Die tog deur die woestyn was die geleentheid waar die volk deur die teenwoordigheid van die Here gelei en versorg word. Ver van die naaste tempel of altaar word die woestyn die plek van ontmoeting tussen die Here en sy volk. Israel moes leer om elke dag letterlik tree vir tree op die Here te vertrou en

Hom te gehoorsaam.  In hierdie verhouding met die Here ontbreek dit aan dankbaarheid by die volk oor die gawe van manna en kwartels.

Ook hulle gehoorsaamheid is maar gebrekkig.  Soos wat gewoonlik in ’n woestyn gebeur, is water die grootste probleem.  Oënskynlik is die volk aan die Here gehoorsaam soos wat hulle van plek tot plek op die Here se bevel verskuif.  By ’n plek met die naam Refidim, in die suidelike deel van die Sinai skiereiland, is die volk ongelukkig en ongeduldig toe daar nie water is nie.  Moses word vir hulle dors verantwoordelik gehou en hierdie situasie is ’n toets vir sy leierskap.  Eksodus 17: 1-3 vertel van die rusie oor die gebrek aan water, vers 4 berig hoedat Moses die Here raadpleeg oor wat hom te doen staan en verse 5-7 vertel van die water uit die rots.

**Nabetragting** (Aanvullende vrae indien julle groep nog tyd het na die bespreking)

- ✓ Noem die hoofgedagtes van die preek?  Wat het julle opgeval?
- ✓ Was daar enige oomblikke waar God iets vir jou verhelder het of waarmee jy uitgedaag of ontwrig is?
- ✓ Wat dink julle was die hoofgedagte?  Kan julle dit in een sin opsom?